07

JAARGANG 23 | 23 MEI 2025

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

HEMELVAART
PINKSTER

NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR


**BYDRAES EN NAVRAE**

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Cobus Hamman | Stéphan van der Watt | Andries Gous | Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans | Celicia McLean Riëtte Botha | Jan Lubbe | Martin Schwella Nina Müller van Velden | Christo Weideman *Kerkbode | Bybel-Media | CLF | TOIBO | Engo Bybelgenootskap SA | VrydagNuus, Kaapkerk*

## PINKSTER

Ons lees in Handelinge 2 dat daar ná die uitstorting van die Heilige Gees 'n vreemde gemeenskap tot stand kom waar gelowiges verantwoordelikheid vir mekaar neem. Hulle het gereeld bymekaargekom, hul besittings met mekaar gedeel, mekaar onderling versorg, die nagmaal is gereeld gevier en hulle het hul toegewy aan gebed en het God deurentyd geprys. Die jaarlikse viering van Pinkster herinner die kerk dat ons in die kragveld van die Gees leef en daarom vir mekaar sorg en vanuit hierdie liefde saam in diens staan van God se nuwe wêreld.

*Oorgeneem uit Strand-Noord NG Gemeente, Gys van Schoor*

## DAGBOEK DÍT

### PREDIKANTE STILWORDKANS

"'n Fluistering in die windstilte"
*1 Konings 19* - REGISTREER NOU
**10 - 12 Junie | Amanzi | R500 p/p**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 6 Junie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerk-wees: sekretaresses, Heila en Sussa onthou ...*

## ARTIKELS 10

10 | VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *Ons jong predikante oor Kerk-wees*

11 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Cobus Hamman** | *VBO-vreugde is binne jou bereik!*

13 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

14 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksie: Enrico Casaleggio** | *Was die doel van die Koran om die inhoud van die Bybel in Arabies weer te gee?*

15 | ALGEMEEN | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Ethan Kleynhans** | *Tuis in Christus: 'n Belydenis te midde van vlug en verdeeldheid*

16 | ALGEMEEN
**Celicia McLean** | *"Klein mensie, groot dankbaarheid" – Ds Jan Lubbe nou ook oupa!*

17 | ALGEMEEN
**Riëtte Botha** | *Wie is verantwoordelik vir kinders se geestelike groei?*

18 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Ons Sinodale Kantoor onthou*

## MEDIATEEK 19

BOEK EN INVENTARIS
**Martin Schwella** | *Die Verlore Skapie*

## UIT DIE FAKULTEIT 22

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
**Nina Müller van Velden** | *Tekste en preekmaak: Waar kop en hart ontmoet*

## VERJAARSDAE 23

## EKOLOGIE 24

**Wêreld-omgewingsdag** | *Viering van Wêreld-omgewingsdag: 'n Christelike perspektief - 5 Junie*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 25

25 | **Pinksterreeks 2025**: *Nagedink oor Nicea*
26 | Advertensies

## OPLEIDING 27

## KERKBODE BROKKIES 29
## PUBLIKASIES 30

## WAT'S NUUS? 31
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 32

**Christo Weideman** | *Hemelvaart vol beloftes!*

## KONTAK ONS 33




# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Sekretaresses, Heila en Sussa onthou ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Vanjaar vier ons Vrystaat Sinode die 160ste bestaansjaar van ons kerk; die anker in Christus vir duisende mense in die Vrystaat vir meer as 'n eeu en 'n half.

Om die leisels bymekaar te hou en agter die gordyne te sorg dat alles op geoliede wiele bly loop, is daar dikwels onontbeerlike staatmaker-vroue soos Heila Oelofse en Sussa van Tonder hard aan die werk.

Ons het met hulle gaan gesels om te hoor oor hoe hulle die Sinodale Kerkkantoor in hulle tyd vanaf 1960 tot 2013 beleef het.

### Heila, in watter jare was jy by die Sinodale Kerkkantoor werksaam en wat het jou werk hoofsaaklik behels?

"Ek het vanaf Maart 1960 tot Augustus 2003 in die Sendingkantoor as sektretaresse van die Sinodale Sendingkommissie gewerk.

"My werk het onder andere behels dat ek die sekretaresse van die Algemene Sinodale Kommissie was en ook alle notules in snelskrif moes skryf. Verder was ek die sekretaresse van al die kleiner kommissies.

"Jare later het ek tydens sinodesittings aangesluit by die administratiewe personeel van die sinode en saam met onder andere Amanda de Lange en ander sekretaresses van die taakspanne onder leiding van Sussa van Tonder gesorg dat die notules van die sinode betyds na die drukkers gaan ná afhandeling van elke dag se sitting."

### In watter jare het jy daar gewerk, Sussa, en wat het jou pos behels?

"Ek het vanaf 1970 tot 1973 as administratiewe klerk (tikster) in die Sinodale Kerkkantoor gewerk en ook die Argief behartig.

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat




# GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

*“My **Gees** in julle,*
*en in julle, **lewe**; en in julle land, **rus**.”*

## ’n Skrifwoord vir Pinkster 2025

NG Kerk Vrystaat



# Predikante Stilwordkans




## Boodskapdraers

| Adrie Potgieter
| Tom Smith
| Ina Gouws
| Willie Nel
| Cobus van Coller
| Gideon van der Watt
| Marelé Venter
| Louwrens Scheepers
| Hanneke Lubbe
| Mzwandile Molo
| Sanré Benade
| Schalk van Heerden

## Kampvuurkuier

| Christof van den Berg
| Frank Opperman (Reünie)

## Rekreasie-keuses

| Boogskiet
| *Birdwatching*
| *Drumming*
| Kort staproetes
| Vlieghengel
| Wildbesigtingsritte

# 10-12 Junie 2025

Registrasies sluit **28 Mei 2025** om **12:00**

NG Kerk Vrystaat

R500 *per persoon*
Inskrywingsfooi sluit **verblyf, etes, vermaak** en **rekreasie** in.

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

Navrae | daf@ngkvs.co.za | 051 406 6700

**Registreer hier** | https://www.ngkerkvrystaat.co.za/predikante-stilwordkans-2025/

# Predikante Stilwordkans

## PROGRAM



| Adrie Potgieter | Tom Smith | Ina Gouws

| Cobus van Coller | Willie Nel | Christof vd Berg



## 10 Junie 2025
### DINSDAG

## Dag 1

Ons open die **Woord** by die verhaal van 'n uitgeputte profeet, die vlugtende Elia; sy vrees en vertwyfeling, en hoe die engele van die Here hom opsoek en versorg … **Adrie Potgieter**, leraar van Senekal, gaan ons in hierdie stilword, lees, luister en gebed bo in die Kapel met die verste uitsig, begelei.

**Tom Smith**, bekende skrywer en begeleier van IN PAS MET DIE LEWENDE GOD, lei ons eerste gesprek en nadenke oor ons eie **roeping** in: "My roeping, en waar dit begin het …"

Vanmiddag 'n gesprek oor grond, land, plant, brood en leef – eintlik, 'n gesprek oor **Hoop, wanhoop en weerhoop** in die Vrystaat, met **Ina Gouws**, **Cobus van Coller** en **Willie Nel** as inleiers …

Tussendeur, tyd vir rus en rekreasie – vanaand met 'n kampvuur en die musiek van **Christoff van den Bergh**, uit die plaaswêreld van die Suid-Vrystaat.

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

Navrae | daf@ngkvs.co.za | 051 406 6700

# Predikante Stilwordkans

## PROGRAM



| Adrie Potgieter



| Gideon van der Watt



| Tom Smith



Frank Opperman (Reünie)



| Marelé Venter



| Louwrens Scheepers



| Hanneke Lubbe

## 11 Junie 2025
### WOENSDAG

## Dag 2

Ons begin weer vroegoggend met oop **Woord**; vanoggend Elia in daardie ontmoeting met God en die fluistering in die wind – **Adrie Potgieter** gaan ons voor bo in die Kapel.

Steeds in die kapel: "**Nicea se woorde**, my woorde" – **Gideon van der Watt** neem ons 1 700 jaar terug na die hart van wat ons glo, en beleef: Jesus, die Here, bý ons. 'n Viering …

**Tom Smith** open 'n volgende perspektief – op ons werkkring: "My **roeping** en my gemeente".

Vanmiddag drie werkswinkels om ons toe te rus om met hoop en vaardigheid te leef – kies een:

- **Marelé Venter** (arbeidsterapeut en gesinsberader) oor selfinsig en emosionele volwassenheid;
- **Louwrens Scheepers** (begeleier van Integer Netwerk) oor deernisvolle kommunikasie;
- **Hanneke Lubbe** (traumaberader) oor veroudering en die voltooiing van my lewensreis.

Weer 'n dag met paaie om te stap, rekreasie, 'n kampvuur en dan die heerlike lag (met 'n traan) van Dana Snyman en **Frank Opperman** se **"Reünie"**!

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

Navrae | daf@ngkvs.co.za | 051 406 6700

# Predikante *Stilwordkans*

## PROGRAM



| Adrie Potgieter | Mzwandile Molo | Sanré Benade

| Schalk van Heerden | Tom Smith




## 12 Junie 2025
### DONDERDAG

Ons open weer die **Woord**, dié ontmoeting met die Here bring 'n omdraai en teruggaan vir Elia, maar ánders – **Adrie Potgieter** laat ons weer stilword en die vertes sien … (en vanoggend gebeur hier ook iets merkwaardig, voor ons oë!)

**Woorde van hoop vir draers van hoop**: Drie bedienaars wat in hul kontekste elke dag oor hoop nadink en dit bedien – **Mzwandile Molo** (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke), **Sanré Benade** (Kandelaar-gemeente in Potch) en **Schalk van Heerden** (FGK & Betereinders).

In 'n derde gesprek oor ons **roeping**, neem **Tom Smith** ons vanoggend na die kring(e) waarin ons leef – ons gemeenskappe, en om dáár in pas met God te dien.

Ná middagete keer ons huiswaarts …

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

# **NUUT** AANLYN

新着オンライン

## Missie Japan se nuwe webtuiste, **missionjapan**, is nou aanlyn!

Kom besoek ons nuutste webtuiste, missionjapan, en ontdek alles oor ons missie en projekte! Moet dit nie misloop nie – gaan kyk nou aanlyn!



**missionjapan.co.za**




**BESOEK HIER**

mission ミッション missie JAPAN

"For we do not preach ourselves, but Jesus Christ as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake."
2 Corinthians 4:5

**COMPELLED BY CHRIST'S LOVE TO BE BRIDGE BUILDERS IN JAPAN**

# Ons jong predikante oor Kerk-wees




**Die NG Kerk Vrystaat vier vanjaar sy 160ste bestaansjaar.**

In hierdie tyd moes die kerk by baie behoeftes aanpas soos dit oor geslagte heen verskuif en verander het.

**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Dit beteken dat ons predikante ook daarop ingestel moet wees om die behoeftes van die tyd waarin ons leef, reg te "lees", te verstaan en met insig en wysheid hul gemeenskappe te lei, te dien en te leer hoe om vandag in die voetspore van Christus te leef.

Ons het met vyf jong predikante gaan gesels oor wat hulle as die uitdagings, hoogtepunte en drome vir die kerk beskou. Hulle is Pieter-Mohr van Niekerk, predikant van Kroonheuwel-Noord-gemeente in Kroonstad sedert 2016, Adrie Potgieter van Senekal-Noord sedert 2021, Dylan Allen van Bothaville-moedergemeente sedert 2021, Janke Hurter van NG Berg-en-Dal-gemeente, Bloemfontein sedert 2023, en Wouter van Velden van Kopanong-gemeente sedert 2024.

### Hoe dink julle behoort ons roeping as Christene van die NG Kerk Vrystaat te lyk? Waarop behoort ons te fokus?


**Wouter:** "Dit is vir my moeilik om een algemene roeping vir die kerk in die Vrystaat te noem, aangesien die omstandighede en kontekste van gemeentes baie verskil.

Dalk moet die eerste fokus van gemeentes wees om met nederige afhanklikheid te onderskei waartoe God daardie spesifieke gemeente in daardie betrokke area roep.

"Tog voel ek dat een van die fokusareas van ons kerk moet wees om Kerk te wees aan enige een wat in hulle area woon; om Christus se goedheid en sy goeie nuus te bemiddel aan wie ook al die gemeente se pad kruis of wie ook al in die dorp woon. Ek glo dat die diens en besorgdheid van die gemeente nie beperk sal wees tot net een groep, byvoorbeeld spesifiek net aan wit Afrikaanssprekendes nie, maar dat ons doelbewus wyer sal fokus om ook persone van ander agtergronde te bedien. Dit beteken dat ons meer doelbewus sal fokus om oor grense heen te beweeg en bereid sal wees om die moeite te doen en toegewyd sal wees aan dit wat die bou van sulke verhoudings verg; dat ons gemeentes oor die lang termyn ook meer en meer die demografie van ons omgewings sal weerspieël.

Lees meer »

# VBO-vreugde is binne jou bereik!



**BEDIENINGSBEGELEIDING**
VBO Netwerk
*Ds Cobus Hamman*

Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) is nie bedoel om 'n straf te wees vir (reeds) besige gemeentedominees nie. Die motivering is eerder om predikante, diensleraars en bedienaars behulpsaam te wees in die verdere ontwikkeling van hul bedieningsvaardighede ten einde **bedieningsvreugde** te verdiep en **bedieningseffektiwiteit** te verhoog.

Die huidige riglyn is dat **150 punte** in 'n **driejaarsiklus** verwerf word (50 punte per jaar). Daar is verskeie maniere waarop punte verwerf kan word – wyses wat predikante se uiteenlopende spiritualiteite en dagboeke kan pas. Dalk doen jy reeds van hierdie dinge en kwalifiseer vir punte sonder dat jy dit geweet het!

Vir **KONFERENSIES, EENDAGKURSUSSE, WERKSWINKELS (ook aanlyn)** aangebied deur Communitas, Excelsus, sinodes en ringe verdien jy **10 PUNTE** per dag (1 punt vir elke uur van leer). Vir kursusse wat nie deur die NG Kerk self ontwikkel is nie, kan aansoek om akkreditering gedoen word deur mnr Tertius Botha by die sinodale kantoor te kontak.

Is jy die **AANBIEDER** van 'n VBO-kursus, gee jy klas by die teologiese fakulteit, of woon jy die predikantebegeleiding-sentrum by? Jy kry dieselfde aantal punte as die persone wat die kursus deurloop!

Vir die ontwerp en **SKRYF VAN KURSUSSE** word dubbel die aantal krediete verwerf (dit verg mos baie meer navorsing om 'n kursus te skryf as om dit by te woon). Vir 'n eendagkursus kry jy dus **20 PUNTE**, vir 'n tweedagkursus kry jy **40 PUNTE**, en vir 'n driedagkursus kry jy **60 PUNTE**.

Staan jy in 'n aktiewe **MENTORSKAPVERHOUDING** met 'n geakkrediteerde mentor? Laat weet ons daarvan. Die mentor en mentee kan albei **10 PUNTE** verwerf indien hulle 10 ure per jaar aan hul mentorsverhouding bestee.

**Lees** meer »

Geopende Deure | NG Kerk Vrystaat | Pellissier Gemeente

# DAGBOEK DIE DATUM

## Sendingkonferensie

20 September 2025



## Vennote in Getuienis

in samewerking met Pellissier-gemeente en Geopende deure beplan 'n Sendingkonferensie op 20 September 2025.

## DIE **EINDES VAN DIE WÊRELD** OP MY VOORSTOEP

Ons beoog om die volgende **temas** aan te spreek tydens die konferensie:

1. **Van oral na oral, deur almal na almal**
2. **God in die wêreld van werk**
3. **Diens en/of getuienis-paneelbespreking**

**Daar gaan ook wegbreek-sessies wees oor die volgende temas:**

- Islam
- Kinderevangelisasie
- Praktiese evangelisasie

### NAVRAE

Rikus Hattingh
**084 620 6000**

# DEGNOS-dinge

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

**Huise bou op Tsumkwe en Mangetti Duin**

Deel van 'n sendingorganisasie wat transformeer en help met die selfstandig raak van gemeentes is dat goed in plek gestel moet word om die proses te ondersteun.

Op Tsumkwe word daar gebou aan 'n sinkhuis vir ds Leviet, en op Mangetti Duin bou ons twee sinkhuise – een vir Mishe, die nuwe voltydse Jeugwerker, en een vir Visser, die nuwe koster van die gemeente.

Maar in Boesmanland is nie winkels nie.

Al die materiaal moet 'n bakkievrag vol op 'n slag aangery word – 300 km ver na Tsumkwe en 200 km ver na Mangetti Duin. Dit is 'n frustrerende en duur proses om vier keer in een week hierdie distansies af te lê, net om die boumateriaal en -toerusting op die plek te kry sodat jy kan begin bou.

*Bid asseblief saam met ons vir elkeen van ons vier drywers – Alex, Christiaan, Isak en Jesaja - wat alles en almal (mense en "goeterse") moet aanry tot waar dit nodig is.*

**Tsumkwe opleiding**

Die Tsumkwe opleiding het goed afgeskop. Jesaja (drywer) het verlede Saterdag van Mangetti Duin af deurgery na Tsumkwe om die tolke en hout bymekaar te gaan maak om kos te kook vir al die mense. Verlede Sondag het hy by Wyk 3 tot 8 se habitatte om gery en die mense gaan oplaai vir opleiding in Tsumkwe.



***Foto**: Een van ons grootste uitdagings is om alles te kry waar dit moet wees, 'n bakkievrag vol op 'n slag (verskaf)*



***Foto**: Ds Johannes se opleiding op Tsumkwe het goed afgeskop - Wyk 3 se mense was die eerste om opleiding te ontvang (verskaf)*

**Lees** meer »

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Islam Getuienisaksie
*Dr Enrico Casaleggio*

# iSLAM

## Was die doel van die Koran om die inhoud van die Bybel in Arabies weer te gee?

Die kern van die argument rondom die "Islamic dilemma" is dat die Koran die inspirasie, gesag en bewaring van die Nuwe Testamentiese Evangelies bevestig; tog weerspreek die Koran ook die Evangelies op belangrike teologiese en historiese punte. Daarom kan die Koran nie betroubaar wees nie.

Volgens die Koran is die Evangelie die betroubare openbaring van God en is dit vir die mensdom as 'n gids gegee (Sura 3:3-4). Die Evangelie was beskikbaar (en as betroubaar geag) toe die Koran in die 7de eeu n.C. geopenbaar is. Diegene wat toegang tot die Evangelie gehad het, is herhaaldelik aangesê om gehoorsaam te wees daaraan, op grond daarvan te oordeel en hulle daaraan te onderwerp. Volgens die Koran is die Evangelies dus die geïnspireerde en gesaghebbende woorde van God.

Die Koran sê in Sura 5:47: *"En laat die mense van die Evangelie oordeel volgens wat Allah daarin geopenbaar het."* Verder sê die Koran in Sura 5:68: *"Mense van die Skrif, sê dat julle op niks staan en onderhou nie, buiten die wet van die Torah en die Evangelie van julle Here, wat aan julle geopenbaar is."*

As die Evangelies in die 600's nC betroubaar was, dan is hulle vandag beslis ook betroubaar, want ons bestaande manuskripte is eeue ouer as die Koran[1]. Wat ook baie belangrik vir Moslems is, is die Koran se stelling dat niemand die woorde van Allah kan verander nie. Sura 6:115 sê: *"En die woord van jou God is vervul in waarheid en in geregtigheid. Niemand kan Sy woorde verander nie, en Hy is die Horende, die Wetende."* As die Evangelies die woorde van God is, en niemand kan God se woorde verander nie, dan moes die Evangelies dus ook volkome deur God bewaar gewees het. Andersins is die Koran verkeerd.

'n Logiese vraag om te vra is dat as die Koran die inspirasie, bewaring en gesag van die Evangelies bevestig, wat was dan die beoogde doel van die Koran? Moslems se standaard antwoord is dat die Koran aan die Arabiere in en om Mekka geopenbaar is, sodat hulle die Skrifte in hul eie taal kon hê.

**Lees** meer »

*[1] Laura Powel, The Islamic Dilemma: A game-changer for conversations with Muslims, soos gevind op https://gcdiscipleship.com/article-feed/the-islamic-dilemma-a-game-changer-for-conversations-with-muslims*

---

Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam. Hierdie artikel gaan in kort oor hoe Moslems se siening oor die Bybel uiteindelik die Koran diskrediteer. Om die argument tot die einde toe logies te voer, vat egter spasie. Ek sal die volgende artikel by hierdie een laat aansluit om die dilemma wat die Moslems oor die verhouding Bybel:Koran het uit te stippel.

# Tuis in Christus

## ’n Belydenis te midde van vlug en verdeeldheid

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

### In die skadu van Sy liefde

Wanneer die oggendlig deur die vensters van ons hart val, herinner dit ons aan wie ons is: nie eers Afrikaners, Suid-Afrikaners, jongmense of studente nie, maar kinders van God. Ons is mense in wie se lewens Christus woon, Hy wat ons roep, vorm en stuur. In ’n wêreld wat voortdurend nuwe identiteite aanbied, is daar ’n ouer en dieper waarheid wat vaster staan as enige ander: ons behoort aan Jesus Christus.

### ’n Identiteit wat lewe gee

Van 19 tot 21 Mei 2025 herdenk en vier die kerk 1700 jaar sedert die Raad van Nicea, waar gelowiges saamgestaan het om die belydenis van Jesus Christus as ware God te bewaar. In hierdie belydenis lê die fondament van ons identiteit: dat ons God ken in Christus, en dat Christus ons ken en roep as Sy eie.

Christelike identiteit is nie maar net ’n geloofsopsie tussen vele nie. Dit is nie iets wat ons kies soos ’n kultuur of ’n tradisie nie. Dit is ’n gawe: iets wat in ons vasgelê is deur die Gees, gewortel in die doop, bevestig in geloof, en uitgeleef in ’n lewe van gehoorsaamheid.

### Christus as middelpunt

Wanneer ons identiteit in Christus die middelpunt van ons lewe is, word alles anders ook herskep: ons denke, verhoudings, drome en vrese.

Dit bring vrede wanneer die wêreld onstuimig is; dit bring hoop wanneer die toekoms onseker lyk; dit bring liefde selfs waar verdeeldheid dreig. Hierdie identiteit word nie bepaal deur grense of vlagkleure nie. Dit word nie afgeskaal tot ’n taal, ’n volk of ’n politieke sentiment nie. Inteendeel, om aan Christus te behoort beteken om te weet: Ek is deel van ’n liggaam wat alle kulture omvou, van elke stam, taal en nasie, geheilig in die liefde van God.

### Wanneer ander stemme roep

Ons leef egter nie in ’n vakuum nie. Daar is ander stemme wat roep: stemme wat sê jy is net iemand as jy tot ’n sekere groep behoort, as jy sekere tradisies handhaaf, as jy jou eie mense eerste stel. Die herlewing van Afrikaner-nasionalisme is een so ’n stem, ’n versoeking om weer veiligheid in identiteit te soek, eerder as in roeping. In hierdie konteks het die wêreld onlangs kennis geneem van ’n groep Afrikaner-gesinne wat na die VSA verhuis het, op soek na ’n “nuwe tuiste” vir hulle kultuur en geloof.

**Lees** meer »

Mariëtte Odendaal

# “Klein mensie, groot dankbaarheid”

## Ds Jan Lubbe nou ook Oupa!

Ds Jan Lubbe, voorsitter van die Vrystaatse Moderamen en van die Algemene Sinode se Moderamen, is daaraan gewoond om op moeilike of warm stoele te sit. Maar onlangs het hy in ’n stoel in ’n hospitaalkamer gesit, in ’n splinternuwe rol – dié van Oupa. Vrypos het by hom gaan hoor hoe dié nuwe avontuur vir hom voel, en wat hy oor ’n kleinseun, groot drome, en God se getrouheid sê.

### Ds Jan, ons het gehoor daar’s ’n nuwe titel agter u naam ... Oupa – baie geluk! Vertel ons meer – wie is die nuwe klein mensie wat u hart kom steel het?

“Jan Daniël Joubert is op Maandagmiddag 5 Mei, kort ná twee, in die Kaap gebore, die eersteling van my dogter Hannelore en haar man Daniël. Hy het 3,4 kg geweeg en was 49 cm lank, het intussen alreeds bietjie gewig begin optel en groei mooi. Vir my die mooiste, slimste en soetste seuntjie (soos enige Oupa sal sê!).”

### Hoe het u gevoel toe u hoor u gaan oupa word – en toe u hom die eerste keer ontmoet het?

“Beide kere – op ’n Sondagaand vroeg in November verlede jaar toe Hannelore en Daniël daar in die Kaap vir my vertel het, en nou Maandagmiddag toe ek met klein Daniël in my arms sit en na sy asempie luister – was ek met ’n diep, diep, woordelose stilte vervul. In ’n oomblik verruim jou hart net daar, soos op heilige grond, en beleef jy dit asof hy nog altyd daar was, een van ons.”



***Foto**: Ds Jan Lubbe en sy kleinseun Jan Daniël Joubert se eerste ontmoeting (verskaf)*

### Wat beteken dit vir u op ’n geestelike vlak om oupa te wees?

“Ek dink nog daaroor. Die uitdrukking in Psalm 128 – as ’n seënwens – dat ons God se goedheid sal kan geniet en “jy jou kinders se kinders mag sien” vul my tans met verwondering en ontsaglike dankbaarheid. Ek gee altyd vir jong ouers by die geboorte van hul kindjie, of by die doop, Psalm 139 oor God wat ons vóór ons geboorte al sien en ken; hierdie keer het ek só na klein Daniël gesit en kyk ... Sy naam is in my gebede en voor God ingegraveer.”

**Lees** meer »

**ALGEMEEN**
Petra Instituut vir Kinderbediening
*Riëtte Botha*




# Wie is verantwoordelik vir kinders se geestelike groei?

Die Bybel plaas die verantwoordelikheid vir 'n kind se geestelike groei duidelik op die ouers. Spreuke 22:6 (AFR83) sê: *"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."* Net so beveel Deuteronomium 6:6–7 (AFR20): *"En hierdie woorde wat ek vandag vir jou voorskryf, moet jy op die hart dra. Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan."*

'n Studie in 2024 oor die invloede in 'n kind se reis met Christus asook die Bybel, bevestig hierdie siening. Ouers het met groot oortuiging gesê dat hulle glo dit is hul rol om hul kinders geestelik te lei. Terugvoer van jongmense het saamgestem dat ouers en grootouers die belangrikste invloede in hulle lewens is, en geestelike leiers sien ook ouers as die primêre gidse vir kinders se geloofsvorming.

Hieruit kan ons aflei dat die mees invloedryke omgewing vir geestelike groei die gesinseenheid is. Dieselfde studie het egter 'n kommerwekkende gaping aan die lig gebring: terwyl die meeste ouers verantwoordelik wil wees vir hul kinders se geestelike ontwikkeling, erken 74% dat hulle nie weet hoe om dit te doen nie.

**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

# Ons *Sinodale Kantoor* onthou

## *Hennie de Lange vertel ...*

*Die eerste drie artikels in 'n reeks van vyf oor die afgelope meer as dertig jaar se vyf saakgelastigdes, deesdae bekend as direkteur van administrasie en finansies, het in die vorige drie uitgawes van Vrypos verskyn. Ons het toe gesels oor die sinodale kerkkantoordae van Piet Coetzer, Hennie van der Walt en André Esterhuizen. In hierdie uitgawe gesels ons met André se opvolger, Hennie de Lange.*

*Die laaste uitgawe sal gaan oor die huidige direkteur van administrasie en finansies, Adriaan de Ruiter.*

**Hennie, jy het vir 43 jaar, vanaf 1973 tot met jou aftrede in 2016, in die Sinodale Kerkkantoor gewerk, waarvan die laaste jaar as direkteur van administrasie en finansies (saakgelastigde) was.**

**Vertel ons egter eers meer van jouself voordat ons oor jou jare by die Sinodale Kerkkantoor gesels.**

"Ek is op 11 Desember 1951 as die derde van vier kinders op Boshof gebore. My pa was 'n boer en my ma 'n onderwyseres by 'n plaasskool waar ek my laerskooljare voltooi het. Na Standerd 5 (Graad 7) is ek na die Hoërskool Rooidak op Boshof waar ek my matriek behaal het.

"Na skool het ek vir twee jaar by Volkskas (nou ABSA) op Warrenton gewerk, en daarna vir 'n jaar by Volkskas in Voortrekkerstraat in Bloemfontein. "Danksy hierdie werkservaring kon ek in 1973 'n pos by die Sinodale Kerkkantoor aanvaar en is ek ook in dieselfde jaar, op 24 Maart, met Amanda Erasmus getroud. Ons is geseënd met drie kinders en nege kleinkinders.

"Vanaf 1985 tot 1987 het ek ook deeltyds aan die Technikon in Bloemfontein (tans bekend as **CUT**) studeer en 'n nasionale diploma in kosterekening-kunde met koste- en finansiële rekeningkunde as hoofvakke behaal. "Vanaf Januarie 2015 tot Februarie 2016 was ek direkteur van administrasie en finansies, waarna ek ná 43 jaar in diens van die Sinodale Kerkkantoor afgetree het."

**Lees** meer »

# DIE VERLORE SKAPIE




'In *Die Verlore Skapie* ontmoet ons vir Leon, die lammertjie wat nuut is in Blêrfontein. Daar maak hy 'n nuwe vriend, Tjoppie, maar ontmoet ook die nare Jan Jakkals en sy held, Armach Breytenblaf, wat hom red. Leon leer bid, sing, hoe om die Bybel te lees, en om vir ander om te gee. Hy gaan kerk toe, woon Sondagskool by en help selfs pannekoek bak by die kerk se basaar. Deur hierdie avonture leer Leon ook van die Herder, die Een wat hom liefhet.

Hierdie boek het pragtige illustrasies en 'n boeiende storielyn wat kinders én volwassenes sal geniet.

*Die Verlore Skapie* is ook beskikbaar op **Spotify**, saam met die liedjie **"Ek behoort aan Jesus"** wat spesiaal vir hierdie verhaal geskryf is. *Die Verlore Skapie* is ideaal vir kinderkerk, Sondagskool, kinder-dienste, of vir ouers wat saans vir hul kinders wil lees.

*Geskryf deur*
**Martin Schwella**

### Martin Schwella

Martin Schwella is 'n storieverteller en illustreerder van Bloemfontein. Hy is passievol oor die krag van stories en die impak wat dit kan hê. Met sy verbeelding en ervaring as pa van vier, skep hy stories en karakters waarmee kinders kan vereenselwig en saam nuwe lesse kan ontdek.


Luister ook **HIER** na die **Radio Helderberg onderhoud met Martin Schwella**



## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**



NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA






## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

**NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za**




**GRAAD 8-12 KAMP**

**4-9 Oktober 2025**

**MOOIGENOEG**
**KAMPTERREIN BUITE**
**BLOEMFONTEIN**

# Mooigenoeg TIENERKAMP

## WAT OM TE VERWAG?

Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstiltetyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.
Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe. Sluit die die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

## WAT MOET EK WEET?

**Wat kos dit?** R1 350 PER PERSOON
**Kontak ons vir meer info:** KERKKANTOOR: 051 448 1419
DS.TANO BONGERS: 072 1765 092

# UIT DIE FAKULTEIT




**Dr Nina Müller van Velden**, *Dosent in Nuwe Testament aan die Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA UFS THEOLOGY AND RELIGION

## Waar kop en hart ontmoet

In 'n onlangse nagraadse klas-aanbieding is ek deel van 'n gesprek oor deeglike preek-voorbereiding – daardie proses waarbinne 'n prediker vingers skuur met die Bybeltekste in verskillende vertalings, selfs verskillende tale (as Hebreeus en Grieks deel van jou opleiding was), die verskillende interpre-tasie-moontlikhede wat voor-gestel word, en tegnologiese hulpmiddels wat hierdie proses kan vergemaklik. Ons gesels prakties, wenke word uitgeruil, metodes voorgestel. En notas vergelyk oor wie dit gereeld regkry om reeds VDM (voor-Donderdagmiddag) 'n volronde pakkie gereed te hê om mee kansel toe te draf ...

Die trant raak op 'n stadium meer persoonlik. Hoe ontmoet "kop" en "hart" in die preek-maakproses?

Preekmaak is immers nie die skryf van 'n tematiese praatjie of opkikker-spreekbeurt nie. Ook nie bloot 'n akademies-teologiese oefening vir boek-vrate nie. Dit vra in die eerste plek dat 'n mens die teks lees as 'n diep afhanklike gelowige, wat deur die Lewende Woord 'n ontmoeting met God het. Soms is hierdie ontmoeting maklik en vinnig; ander kere vra dit 'n spreekwoordelike "stoei" met die teks. Dan, met die kundigheid verwerf in teolo-giese opleiding, die kommen-tare byderhand, die insig wat grondtale en vertalings met voetnotas bied, die verdere verdieping.

Uiteindelik dan ook die vraag: nou wat vir vandag? Die ge-sprek het weggestuur van mak-like antwoorde. Eerder eerlik gedeel, as medegelowiges met mekaar. Daar is wel benadruk dat beide "kop" en "hart", kennis en ervaring, intellek en spirituali-teit, deel is van ons menswees voor God. Ons word juis op alle dimensies ingenooi in die werk van die Gees – nie net met ons denke, of net met ons emosies nie. Daarom mag ons onsself elmboogdiep in tekste ingrawe met die hulpmiddels tot ons beskikking, die bes moontlike lees van tekste opsoek, ons opleiding en tradisie ernstig op-neem. En terselfdertyd, hand-aan-hand, onsself ondergeskik bly stel aan God self wie se Woord dit is: bereid wees om opreg te vra: "Here, hoe wil U gehoor word, deur my, hierdie week?"

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**MEI**

26 Ds Pieter-Mohr van Niekerk
KROONHEUWEL-NOORD

29 Dr Hannes Els
KROONSTAD-SUID


30 Ds Anton Jacobs
ARLINGTON & LINDLEY

**JUNIE**

01 Ds Phillip Gaebers
BULTFONTEIN-OOS

03 Ds Bergh Müller
WILGEHOF

04 Mev Danielle van Heerden
SINODALE KANTOOR



# Wêreld-omgewingsdag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*


## VIERING VAN WÊRELD-OMGEWINGSDAG
'n Christelike perspektief

**Wêreld-omgewingsdag, wat jaarliks op 5 Junie gevier word, is 'n geleentheid om wêreldwye aandag te vestig op die beskerming van ons planeet. Vir Christene is hierdie dag nie net 'n oproep tot omgewingsbewustheid nie, maar ook 'n uitnodiging om ons Godgegewe roeping as rentmeesters van die skepping te herontdek.**

### Hoe kan ons as Christene hierdie dag vier op 'n manier wat ons geloof weerspieël?

Die Bybel herinner ons daaraan dat God die aarde geskep het en dit "baie goed" genoem het (Genesis 1:31). In Genesis 2:15 word die mens opdrag gegee om die tuin van Eden te "bewerk en te bewaar". Hierdie opdrag impliseer 'n verantwoordelikheid om die aarde met sorg en respek te behandel. As Christene word ons geroep om God se skepping te eer deur volhoubare keuses te maak en die natuur te beskerm vir toekomstige geslagte. Wêreld-omgewingsdag bied 'n kans om hierdie roeping prakties uit te voer.

**Lees** hier »



**PINKSTERREEKS 2025**

# NAGEDINK OOR NICEA

*CHRIS WYERS*

**1700 JAAR SEDERT NICEA-BELYDENIS**

LAAI **PINKSTERREEKS** AF










## NG GEMEENTE BETHLEHEM-NOORD NUUS:

Ds Erich Cornelissen durf vanjaar op 8 Junie 2025 vir 'n derde keer die Comrades Marathon aan ten bate van Bybelverspreiding.

Hy vorm ook deel van 'n groepie uitgenooide atlete wie Mnr Louis Massyn gaan help streef om die eerste persoon in die geskiedenis te word, wie vyftig Comrades Marathonne suksesvol voltooi.

**Enige donasies vir Bybelverspreiding welkom:**

Naam: NG Gemeente Bethlehem – Noord
Bank: FNB (tjek-rekening)
Rek: 62637543449 (Tak: 230133)
Verwysing: Naam en Comrades



S
OOK
LUB
The adventures of Mary and Abe
HOW MAMBOLO ESCAPED FROM THE CAGE OF POVERTY
LIFE STORIES; INSPIRATIONAL; PARENTING; SPIRITUAL GROWTH; FICTION
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
CLF
ler@clf.co.za ● 021 873 6964 ● shop.clf.co


Geluk
MET
68 JAAR
in diens van die Here
In elke


1 JUNE - 30 JUNE
GIVE HOPE.
GIVE WARMTH.
Help us make this winter more bearable for those in need by providing warm blankets, clothes, a meal or a bed in a shelter.
isit winterhoop.org for more informat


PROJEK VAN
HOOP 2025
novus media
Engo
EVOl
STAAN 'N KANS
TE WE
RENAULT KWID CL
KWID
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543


Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
KINDERBESKERMING
STAP
31 MEI 2025
Kinderbeskerming Stap
Kom ondersteun Engo, VVA en Childline Vrystaat
Honde en kinders welkom. Ontmoet Omgie, Mossa en Thuso – die "Mascots" van Engo, VVA en Childline Vrystaat. Gratis toegang tot die Welstand Expo uitstallers en koffie area by Villa Avianto.
Plek: Villa Avianto, Speserylaan 40, Kwaggafontein
Tyd: 8:00 (Registrasie van 7:30 af)
Toegang: Nie-bederfbare kosse of toiletware
Meer inligting: info@engo.co.za
childline 116



URN TURQUOIS
OR THE ELDERL
Vulnerable and negle
Play a vital role in commu
W.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
Engo


AKTIWITEITE VIR
BYBELS
Nou kan jy jou stokperdjie in 'n fondsinsameling vir Bybels omskep!
A4B
#AKTIWITEITE4BYBELS
bybelgenootskap van suid-afrika


Tot
50%
afslag
Familie-gunstelinge
DIE BYBEL
BIBLE
* Terwyl voorraad hou. Geen verdere kortings. Sluit posgeld en aflewering uit.
BYBELUITVERKOPING
SPESIALE AANBIEDINGE GELDIG VANAF 1-30 MEI 2025
www.bybelgenootskap.co.za
www.bibleshop.co.za


slaan af vir bybels
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
GHOLFDAG
Ons Gholfdag vind plaas by die Toti Gholfbaan
Datum: Woensdag 9 Julie 2025
Afslaantyd: 09:00
Koste: R3 000 per vierbal: Sluit in baanfooie, karretjies, aandete en prysuitdeling
Formaat: Vierbal Alliansie - twee tellings om te geld
Nieamptelike voorgee: 18
Vir meer inligting, kontak Hermien by cilliers@biblesociety.co.za of 031 207 4933

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EVALUERING: 'THE END OF MENTAL ILLNESS'

10 Junie 2025

5 VBO-punte

R275 p/p
Zoom aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +





## BRUGBEDIENING-KURSUSSE 2025

28 - 31 Julie 2025

70 VBO-punte

R3100 p/p
NGK Stellastraat PTA
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

31 Julie 2025

5 VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +

# ‘N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

## KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie




Uitslag van ondersoek teen moderator bekend: Lubbe onskuldig

*22 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Verklarings*



Te midde van wye verdeeldheid, betreur kerk in VSA voorkeurbehandeling vir Afrikaners wat hervestig

*20 Mei 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Artikels*



Narsisme: 'Laat staan eers die ander se diagnose en versterk jou eie grense en vermoë om probleem-gedrag uit te ken' – kenner

*20 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*




Organisasie vra kerke om Sondag 15 Junie vir vervolgde kerk in Afrika opsy te sit

*20 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Flits*



Wêreld met 'veelvuldige krisisse' begroet nuwe pous

*9 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Heléne Meissenheimer*
*Nuus*



**ELDERS GESIEN**

Neels Jackson en Christina Landman deur Tukkies vereer

*8 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

Bybel-Media

# Die geskenk




**R330** »

## Liefde, selfdood en dieper leef

JD het homself met sy haelgeweer geskiet. Te midde van dié diepste verskrikking gaan soek Riette na kennis. Sy studeer sielkunde en lees alles waarop sy haar hande kan lê oor depressie, selfdood en rou. *Die geskenk* bevat die swaarverwonne, deurleefde wysheid van iemand wat weet dit is moontlik om weer voluit te leef, selfs al het die ondenkbare gebeur. Die boek is nie net 'n meesleurende ware verhaal nie, maar sal ook van groot waarde wees vir elkeen wat deur selfdood geraak is of rou moes verwerk. 'n Dapper, eerlike boek wat jou uitkyk op lewe sal verander.

# Sinkroniseer





**R180** »

## Woorde vir wanneer jy jou ritme verloor. Die kuns om in pas met God te leef

Voel jy soms uit pas met jouself, met tyd, of selfs met God? *Sinkroniseer! Vind jou ritme. Leef met sin. Sinkroniseer* nooi jou om opnuut aan te sluit by die ritme van die Een wat jou gemaak het. Hierdie boek help jou om stadiger te leef, sagter te luister en jou lewe met God se polsslag te belyn. Dit is woorde vir tye van soeke, stilte, oorgang en herstel. Lees hierdie boek stadig. Of sommer net 'n sin op 'n slag. Dit is 'n metgesel vir jou reis – nie 'n dagboek of 'n plig nie, maar 'n uitnodiging tot 'n dieper lewe in pas met God.

# Nogtans-geloof




**R150** »

Hoe hou ek vas aan God terwyl my en ander se ervaringe nie hoop weerspieël nie? Ivor Swartz, bekende jeugpredikant van Pretoria, lei ons om aan die hand van die Habakuk 3:17 te vra hoe lyk 'n nogtansgeloof gebedslewe, hoe praat en leef ek voor ander met my *nogtans-geloof* en hoe bly ek geanker in God, eerder as die uitkoms. Ivor leer ons om 'n nogtans-geloofuitkyk toe te pas, deur te kies: Kies om te lewe vir wat ewigheidswaarde dra, kies om ons perspektief te verander na nogtans-geloof in tyd van krisis en om te reageer op 'n nogtans-manier. 'n Inspirerende boek wat hoop gee.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK






## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Hemelvaart vol beloftes!

**ALGEMEEN**
Verteenwoordiger: Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) en leraar van NG Gemeente Kroonheuwel-Noord
*Ds Christo Weideman*




**Foto:** *Ds Christo Weideman (verskaf)*

*“Maranata – kom Here, kom tog gou!”*

### Handelinge 1:9-11 AFR83

*9Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en ’n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. 10Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. 11Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”*

Komende Donderdag vier die kerk oor die hele aarde die hemelvaart van Jesus.

Lukas berig oor hierdie gebeure in die laaste verse van sy eerste boek (Lukas 24), asook in die eerste verse van sy tweede boek (Handelinge). Wat ’n gebeure moes dit nie gewees het om te kon aanskou nie! En alhoewel ons dit nie meer as ’n amptelike vakansiedag vier nie, moet die kerk beslis nog iewers ruimte maak om hierdie dag behoorlik te vier. Want Hemelvaart bevat minstens twee wonderlike beloftes waarmee ons vandag nog kan lewe:

### Die belofte van die Heilige Gees

Let mooi op hoe Lukas vers 9 begin: *“Nadat Hy dit gesê het ...”* Wat gesê het? Die eerste verse van Handelinge handel oor die belofte van die Heilige Gees. Vers 4 en 5: *“Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ’n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”* En dan natuurlik die groot vers 8: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE
## INLIGTING
## BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



Solidariteit Helpende Hand

# Kerke-*ontbyt*

## in die Vrystaat

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
VRYSTAAT-STREEK

Helpende Hand bevorder gemeenskapsontwikkeling. Ons glo die kerk is een van die sterkste strukture in die gemeenskap. Gemeenskappe ontwikkel en groei waar kerke werk, daarom beskou Helpende Hand 'n nou verbintenis en samewerking met kerkstrukture as logies en vanselfsprekend.

Ons nooi graag alle leraars en verteenwoordigers van alle denominasies om saam met ons ontbyt te geniet.

**11 Julie | 09:00-11:00**

Nebo Venue, Avenhamstraat 6, Bloemfontein

**Spreker:** Hannes Noëth,
Uitvoerende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand

**Koste:** Gratis

**RSVP** marli@helpendehand.co.za vooraf of op **1 Julie 2025**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING